# Hoofstuk van die dag: Hebreërs 10

> *Wanneer ons opsetlik bly sondig nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, is daar geen offer meer wat ons sondes kan wegneem nie. (Heb 10:26)*

Hierdie gedeelte is seker van die moeilikste gedeeltes in die

Bybel om te verstaan. Selfs ’n man soos Martin Luther sê oor hierdie verse dat dit vir hom ’n moeilike knoop is wat oënskynlik in stryd is met die evangelie.
Die vraag wat asof spontaan by ’n mens opkom, is: Wat is hierdie sonde wat so ernstig is en onherroeplik is dat daarna geen omkeer meer moontlik is nie?
Dit gaan nie hier om “een” sonde, of enkele sondes nie. Dit gaan glad nie om spesifieke sondes wat dan ernstiger en meer onvergeeflik sou wees as ander nie. Die doel van die Hebreërboek is dan juis om gelowiges te troos en te sê dat hulle ’n Hoëpriester het wat medelye het met hulle swakhede, wat verstaan en vergeef en voortdurend bly intree by die Vader op grond van sy eenmalige offer.
Nee, dit gaan om iets anders – om die een, basiese sonde, die sonde van afval, ontrou, om nie langer geassosieer te wil wees met Christus en sy gemeente nie. Dit gaan om die sonde van jou rug te draai op Christus (6:6; 10:29).


## Onlangse Bydraes

- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026